**Woensdag 22 Julie**
**Skrifgedeelte: Jesaja 30:8-18 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 30:15**
**Gelowiges se krag lê in stil wees en vertroue op die Here!**

Die Here se geduld en voordurende bemoeienis met sy kinders is net absoluut verstommend!

Uit vrees vir die Assiriërs uit die noorde het Juda gaan hulp soek by Egipte in die suide. Hulle het nie op die Here gewag en op Hom vertrou nie! God doen nou moeite om hulle na Hom te laat terugkeer:

- Egipte se hulp gaan tot niks kom nie (vs 7).
- Hulle is op ’n selfvernietigende pad (vs 13, 14).
- Hulle sal voor hulle vyande moet vlug (vs 16, 17).

Die volk moet hulle bekeer, in die Here se beskerming tot rus kom en op Hom vertrou! Die Here is bitter ernstig met sy oproep. Hy sal met ongeduld daarop wag om hulle genadig te wees en om Hom oor hulle te ontferm. Ons sien hierin God se verbondstrou (*Ek sal vir jou ’n God wees ...*). Hy hou sy volk egter ook by sy verbondseis (*Maar julle moet vir My ’n volk wees ...*). Daarom wag Hy! Wagtyd ... genadetyd! Vir sy volk ... maar ook vir ons!

In nood beraam ons in desperaatheid dikwels ons eie planne en soek hulp op verkeerde plekke! Die Here vra ’n terugkeer na Hom in kinderlike vertroue!

Ons moet in Hom tot rus kom wat reeds in Christus vir ons wonderlike verlossing bewerk het. Ons het die krag van die Heilige Gees ontvang om rustig en met vertroue op die Here te wag vir die uitkomste. Hy wil ons genadig wees en Hom oor ons ontferm! Ons krag lê in stil wees en vertroue op die Here!

*Sing: Psalm 42-1:3, 5*

*Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)*